T.A.5.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE TAAKSPAN REGTE (TTR)

1. Opdrag: Die ordemosie van ds Nico van Rensburg is verwys na die taakspan.

1.1 Uitvoering van opdrag.

Die ATR het die ordemosie beoordeel aan die hand van reglement 3.5 en beveel aan:

1.1.1 Die ordemosie voldoen nie in terme van reglement 3.5 aan die vereistes van ’n ordemosie nie. Die reglement maak nie voorsiening dat ’n ordemosie die *Kerkorde* kan wysig nie.

1.1.2 Die ATR wys die AS op sy verslag (agenda p 364, punt 4.2) wat die bedoeling van die ordemosie ondervang.

4.2 Indien die Algemene Sinode goeie rede het om te vermoed dat ‘n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid kan lei, moet die Sinode vóór die finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderings inwin ten einde konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te probeer verkry.

1.1.3 Die ATR wys daarop dit enige lid van die vergadering vry is om wanneer ’n bepaalde saak ter tafel is, dan ’n ordemosie in te dien.